# NASORG

## REëLS EN REGULASIES

KAMMALAND LORRAINE is 'n Christelike voorskoolse kinderontwikkeling- en nasorgsentrum wat geregistreer is by die Departement van Onderwys. Ons wil graag net die beste diens lewer aan u en u kind en daarom vra ons mooi: Lees asseblief die volgende inligting en bêre op 'n veilige plek. Gee ons gerus 'n luitjie of kom loer in by die skool indien u enige navrae het.

**<u>OUDERDOM</u>:**
**NASORG VIR LEERDERS VANAF GRAAD R TOT EN MET GRAAD 7**

**<u>FOOIE</u>:**
**REGISTRASIE FOOIE** vir nuwe inskrywings: R150 betaalbaar saam met inhandiging van inskrywingsvorm.
**REGISTRASIE FOOIE** vir herinskrywing : R50
Hierdie fooie is nie terug betaalbaar nie.

Fooie is oor 'n jaar uitgewerk en die bedrag is in 12 eweredige paaiemente verdeel. Fooie is 'n maand vooruitbetaalbaar. Rente van 5% sal op die uitstaande bedrag gehef word indien dit nie betaal is teen die 7de van die maand nie. Indien die paaiement nog steeds uitstaande is teen die 15de van die maand sal u kind toegang tot die skool geweier word. **Eerste betaling vir die jaar moet gemaak word teen 7 Januarie en laaste betaling van die jaar moet gemaak word teen 7 Desember.**

### Let asb op die volgende:

- Die skool is gesluit gedurende Desember en Januarie vir 'n periode van 13 – 14 werksdae. Ons sal die finale datums vir ons jaarlikse sluiting aankondig teen Junie/Julie sodat ouers/voogde genoegsame tyd het om verlof vir die jaar te beplan.
- Die skool is ook gesluit op publieke vakansiedae en skoolvakansiedae. Skoolvakansiedae gebeur wanneer die publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val en die Maandag of Vrydag 'n skoolvakansiedag verklaar word.
- Normale maandelikse fooie is betaalbaar gedurende Desember en Januarie - GEEN afslag word toegeken nie.
- Ons kry gereeld navrae oor hoekom fooie in Januarie en Desember betaal moet word. Ons offer die geleentheid om skoolfonds oor 12 maande af te betaal i.p.v. eenmalig. <u>Ouers/Voogde is meer as welkom om eie diskresie te gebruik en elke maand ekstra te betaal om die jaarlikse fooi vroeër klaar te betaal.</u>
- GEEN terugbetalings vir enige afwesigheid word onderneem nie.
- Indien die skool moet sluit vir enige rede buite ons beheer, sal fooie ten volle nog betaal moet word (bv. Covid pandemie).
- Gebruik asb u kind se naam en van as verwysing wanneer u betaling maak. Weens veiligheidsredes word geen kontant by die skool aangehou nie en ons versoek dat skoolfonds elektronies oorbetaal word.
- Fooie wat ten volle betaal is teen EINDE JANUARIE sal 'n 10% AFSLAG ontvang Fooie wat ten volle betaal is teen EINDE FEBRUARIE sal 'n 5% AFSLAG kry. <u>Geen afslag word geoffer vir fooie wat ten volle betaal is vanaf 1 Maart nie.</u>

- Ons doen nie verdeelde fakture tussen ouers nie. Ons rekeningkundige sisteem laat ons slegs toe om een staat per e-pos te stuur. Dit is die verantwoordelik van die ouer wie die staat ontvang om te verseker dat betaling behartig word.

**ONS BANKBESONDERHEDE IS SOOS VOLG:**

| | |
|---|---|
| **Rekeningnaam:** | **KAMMALAND LORRAINE** |
| **Bank:** | **FNB** |
| **Takkode:** | **255355** |
| **Rekeningnommer:** | **6300 3545 605** |

## DOKUMENTE BENODIG SAAM MET INSKRYWINGSVORMS:

Ons benodig afskrifte van die volgende dokumente asb:
ID van ouers/voogde
Mediese skema kaart
Kind se geboortesertifikaat
(Met **herinskrywing** is bogenoemde onnodig.)

## PERSOONLIKE INLIGTING (POPI)

Persoonlike inligting word slegs gebruik vir die volgende doeleindes:

- Fakture en state te stuur vir betaling
- Ouers en voogde te kontak ingeval van 'n noodgeval
- Ouers en voogde op datum te hou met nuus en enigiets rakende die nasorg
- Foto's te deel met ouers op Whatsapp groepies asook sekere sosiale media
- Direkte bemarking aangaande aansoeke vir die volgende skooljaar asook insamelingsprojekte
- Enigiets van belange rakende die kind, die ouer, die voog of die nasorg wat nie hierbo genoem is nie.

Persoonlike inligting mag slegs met 'n derde party gedeel word met die ouer of voog se toestemming, behalwe vir die volgende doeleindes:

- Indien benodig vir wetgewing soos gestipuleer deur die Kinderwet
- Indien die kind in gevaar is en onmiddellike mediese hulp benodig word
- Verjaarsdaguitnodigings

Die skool se POPI handleiding is beskikbaar op aanvraag.

## WHATSAPP GROEPE:

Ons het twee Whatsapp groepies vir ons nasorg. Die eerste groep is vir ons Grondslagfase leerders (Graad R – 3) en die tweede groep is vir ons Intersenfase leerders (Graad 4 – 7). Ons gebruik hierdie groepie om ouers in te lig oor veranderinge in nasorg- en skooltye, items in ons verlore goedere boks asook enige ander belangrike inligting rakende ons nasorg. Slegs juffrouens van Kammaland mag inligting plaas op hierdie groepie.
Ons vra dat u enige verandering in u kind se dagprogram met ons sal kommunikeer deur 'n WhatsApp boodskap na die volgende nommer te stuur: 083 296 4371. Hou asb in gedagte dat ons personeel nie met selfone mag rondloop terwyl hulle na kinders omsien nie. Die kans is groot dat u boodskap nie onmiddellik gelees sal word nie. In die geval van 'n noodgeval vra ons dat u die telefoonnommer eerder sal skakel of alternatief vir Michelle op 061 130 6647 sal skakel.

Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies om deel te vorm van hierdie groepies. Wanneer u deel vorm van hierdie groepie moet u kennis neem dat u telefoonnommer en naam sigtig is vir ander mense op die groep en dat die nasorg nie hierdie inligting privaat kan hou nie. Ons vra dat alle ouers hierdie inligting met respek hanteer en met niemand anders deel nie.

Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies of u kind se foto op die Whatsapp groep geplaas mag word. Ons vra dat hierdie foto's ook met respek hanteer sal word en dat slegs individuele foto's van u kind op 'n sosiale platvorm gedeel word.

## KENNISGEWING:

Verskaf asb 'n kalender maand se geskrewe kennisgewing voor u kind die nasorg verlaat. Ouers wat hul kinders uit die nasorg haal sonder enige geskrewe kennisgewing, is nog steeds verantwoordelik vir die nasorgfooie tot 'n geskrewe kennisgewing ontvang is by die nasorg. Geen kennisgewing word aanvaar na die 1ste Oktober van elke jaar nie.

## AFLAAI EN OPTEL VAN KINDERS BY NASORG

Lui asb die klokkie wat aandui "Nasorg/Skool" wanneer u, u kind aflaai of optel by nasorg. Boodskappe wat gestuur word op die Whatsapp groep word nie dadelik gelees nie en u mag langer wag as om die klokkie te lui.

Neem asb kennis dat ouers weens veiligheidsdoeleindes buite die groot hek moet wag vir u kind/ers. Ons laat geen ouers meer op ons perseel toe nie aangesien ons meer beheer wil oefen oor wie in en uit ons nasorg beweeg. Dit help ook grootliks om die vloei van voetverkeer deur ons nasorg te verminder. Ons vertrou dat u ons reël sal respekteer. In die geval van 'n noodgeval sal ons wel ouers op ons perseel toelaat.

Veranderinge in tye wat ons kinders moet optel van skool, sport of kultuur aktiwiteite moet asb 24 uur voor die tyd aan ons gekommunikeer word sodat ons die nodige reëlings kan tref. Ons vertrou ten volle op ons ouers om ons in te lig oor veranderinge. Ons is nie deel van Laerskool Lorraine se verskillende Whatsapp groepies vir skool, sport of kultuur nie. Ons sal dus nie weet of die toerbus al by die skool aangekom het nie of as die skool Vrydag 12h00 uitkom in plaas van 13h00 nie.

## KLEREDRAG:

Kinders moet asseblief gemaklike klere inpak vir nasorg. Ons reël by nasorg is dat kinders nie op die speelgrond mag speel met hul skoolklere aan nie. Merk asb skoolklere, truie, skoolkouse en skoene duidelik. Ons het 'n boks vir verlore goedere wat elke jaar vinnig vol raak met naamlose klere. Maak asb seker dat u kind se nasorgtas groot genoeg is om alle persoonlike besittings in te pak. Onthou asb om sonbrandroom en 'n hoed in te pak vir die somer.

## MIDDAGETE:

Ons voorsien 'n gebalanseerde ete vir middagete wat verskil van dag tot dag. Ons het nie 'n spesifieke spyskaart wat ons volg nie en ons kok kies wat toepaslik is vir die seisoen en weer. Middagete word bedien sodra die kinders van die skool af by nasorg aankom. Indien u kind sport bywoon sal ons vir hul kos uithou en hul bedien sodra hul by die nasorg aankom. Indien u kind 'n honger mensie is, maak asb seker dat u ekstra verversings inpak om laatmiddag aan te peusel. Ons het 'n mikrogolfoond waarin kos warm gemaak word. Ongelukkig kan ons nie "two-minute noodles" en springmielies pop nie aangesien dit te veel tyd en aandag verg.

## NASORGURE:

Ons nasorgure is vanaf 06h30 tot 17h30. Om 07h20 neem ons Laerskool Lorraine se kinders oor na die skool. Nasorgkinders moet asseblief vanaf 07h20 direk by Laerskool Lorraine afgelaai word. Ons vra dat ouers stiptelik sal wees en ons nasorgure respekteer. 'n Boete van R200 per dag sal gehef word aan laatkommers in die middag indien dit nie vooraf bespreek is nie.

## SPORT:

Lig ons asseblief in oor u kind se sportrooster aan die begin van elke nuwe sportseisoen. Ons het veral nodig om te weet watter sport ons Graad R – 3 kinders aan deelneem aangesien ons hulle moet skool toe neem

en gaan haal. Ons wil seker maak dat alle kinders betyds by hul sportspel aanmeld. Selfs al is u kind in Graad 4 – 7 wil ons graag weet wanneer hulle by nasorg gaan wees om hulle teenwoordigheid aan te meld in ons register.

## HUISWERK:

Leerders wie om 14h30 huis toe gaan se opsie sluit nie huiswerk in nie. Hierdie opsies is slegs vir kinders wie 'n ouer boetie of sussie in die skool het wie later uitkom. Ons huiswerkdiens word slegs geoffer aan kinders wie die volle fooi vir nasorg betaal.

Ons het juffrouens en tannies wie spesifiek aangestel is om huiswerk te doen met u kind in die middag. Huiswerk word gedoen tussen 13h20 en 16h30. Elke kind MOET hul huiswerkboek bring sodat ons dit kan teken om te bevestig dat huiswerk gedoen is en of dit voltooi is. Ons vra dat elke ouer asseblief die huiswerkblaai sal onderteken en oplet na aantekeninge wat ons gemaak het oor moontlike hersienwerk of onvoltooide huiswerk. Soms is dit nie moontlik om die huiswerk te voltooi indien die kinders tot laatmiddag sport gespeel het nie of vroeg huis toe is nie.

Tydens eksamentye offer ons die geleentheid aan ons Graad 4 – 7 leerders om in die middag te studeer.

## AFWESIGHEID:

Indien u kind nie nasorg gaan bywoon nie (hy/sy is miskien siek by die huis of is vroeg huis toe), lig ons asseblief daaroor in. Ons mors baie tyd om vir kinders by die skool te soek en dan vind ons uit hulle is vroeg huis toe. Ons wil seker maak dat al ons kinders veilig is.
Indien u kind enige onwelkome besoekers het (bv. kopluise) sal ons eers u kind kan toelaat sodra die infeksie getem is. Stel ons asb in kennis indien u kind kopluise het sodat ons almal se hare kan deursoek.

## SPEELGOED:

Neem asseblief kennis dat ons geen verantwoordelikheid aanvaar vir speelgoed wat van die huis af nasorg toe kom nie. Kinders speel hardhandig met hul speelgoed by die nasorg, hul ruil hul speelgoed onder mekaar uit en soms vergeet hulle waar hul die speelding gebêre het. Ons het meer as genoeg speelgoed om die kinders mee besig te hou.

## ELEKTRONIESE TOERUSTING:

Slimfone, tablette en ander elektroniese toerusting word nie by nasorg toegelaat nie. Die enigste tyd wat ons hierdie toerusting toelaat is tydens vakansiesorg. Neem asb kennis dat alhoewel ons elektroniese toerusting toelaat tydens vakansiesorg, mag die kinders nie bel vanaf die slimfoon nie, hulle mag nie op sosiale media of YouTube gaan nie en hulle mag nie foto's of video's neem nie. Hulle mag wel ouderdomsverwante speletjies speel, ouderdomsverwante stories kyk en deur YouTube Kids snuffel. Indien enige van hierdie reëls verbreuk word, sal die elektroniese toerusting in die kantoor gesluit word tot u kind huis toe gaan.

## DISSIPLINE:

Ons hou die kinders taamlik besig om hul uit kattekwaad te hou, maar soms is dit nodig om kinders in 'n stiltehoekie te plaas vir so ±5 minute afhangende van hul ouderdom. As 'n nasorgsentrum glo ons daarin dat ons en die ouers/voogde as 'n span saam moet werk om dissipline toe te pas. Ons kommunikeer gereeld met ouers indien ons gedragsprobleme opmerk en saam besluit ons oor 'n toepaslike ingrypingsaksie. Ons het geen plek vir boelies in ons nasorg nie en kinders wie kru taal gebruik of wie geneig is om te baklei kry drie waarskuwings waarna inskrywing by die nasorg beëindig word.

## SNOEPIE:

Ons het 'n klein snoepie wat oop is elke Vrydag tussen 14h00 en 15h00. Ons snoepie is tydens vakansiesorg gesluit.

## VERANDERING VAN SKOOLTYE BY LAERSKOLE:

Ons is bewus daarvan dat Laerskole se skooltye soms verander tydens eksamens en nader aan die einde van die skooljaar. Neem asb kennis dat ons toegewend sal wees soos bes moontlik, maar dat ons wel nog 'n speelskool het in die oggend tot 12h30. Ons kan dus nie ekstra kinders vir die volle dag inneem wanneer die Laerskole vir die kinders die opsie gee om by die huis te bly vir die laaste week van skool nie. Ons pak elke situasie aan soos dit opduik en maak die beste besluit vir ons nasorg- asook ons speelskoolkinders.

## TOILETBENODIGHEDE:

Ons versoek dat die volgende toiletbenodighede twee keer per jaar in JANUARIE en JUNIE gebring word**:**

**4 SWART SAKKE**
**1 BOTTEL DOMESTOS**
**4 ROLLE TOILETPAPIER**
**1 PAPIER HANDDOEKROL**

Indien ons nie hierdie benodighede teen einde Februarie of weer einde Julie ontvang nie, sal 'n fooi van R100 teen u rekening gehef word per semester.

**ONTHOU OM ASSEBLIEF 'N POTLOOD EN A4 BOEK VIR KLANKE VIR HUISWERK SAAM TE STUUR☺**

**ONS IS INNIG DANKBAAR OM U TE VERWELKOM AS DEEL VAN ONS KAMMALAND LORRAINE FAMILIE.**

ONS VERTROU DAT ONS NOG VELE VRUGTEVOLLE JARE SAAM SAL GENIET EN DAT U KIND SY/HAAR VOLLE POTENSIAAL SAL BEREIK VOORDAT HULLE IN HIERDIE WILDE WONDERLIKE WêRELD TREE AS JONG VOLWASSENES.

**SOOS DIE GESEGDE Sê: "IT TAKES A VILLAGE TO RAISE A CHILD!**

